Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2019

# BESIGHEIDSTUDIES V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

*IBUSTA1*

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE van die hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let wel dat SLEGS die eerste TWEE vrae in AFDELING B en die EERSTE vraag in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van ŉ antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as ŉ gids vir punte- en tydtoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **30** |
| | | | |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.** | **2** | **40** | **30** |
| | **3** | **40** | **30** |
| | **4** | **40** | **30** |
| | | | |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.** | **5** | **40** | **30** |
| | **6** | **40** | **30** |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op ŉ nuwe bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy ens.

8. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 D.

1.1.1 Top Teikens se werkers het aan 'n … deelgeneem toe hulle gesamentlik geweier het om te werk.

A uitsluiting
B betoging/protesoptog
C staking
D sloerstaking

1.1.2 Geld Vinders bied klein lenings aan mense wat nie krediet by banke kan kry nie. Dit is 'n voorbeeld van 'n uitdaging van die … omgewing.

A mark-
B makro-
C mikro-
D primêre

1.1.3 Gesonde Lekkers gebruik … prysbepaling toe hulle 'n nuwe sjokoladestafie van stapel gestuur het teen 'n prys laer as 'n soortgelyke sjokoladestafie wat reeds op die mark is.

A penetrasie-
B mededingende-
C diskonto/afslag-
D gedifferensieerde

1.1.4 Gugu Sakke produseer 3 500 sakke teen 'n totale koste van R259 000. Indien hulle 40% wins op kosprys wil maak, sal hulle die sakke teen … per sak moet verkoop.

A R74,00
B R103,60
C R29,60
D R52,86

1.1.5 Hierdie Wet laat nie vir Futa Kosse toe om toetse en eksamens uit te voer tydens die seleksieproses nie, indien dié diskrimineer teen kandidate op grond van ras, geslag of kultuur:

A Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBD), 1997 (Wet 75 van 1997)
B Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995)
C Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998)
D Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes ('COIDA'), 1997 (Wet 61 van 1997) (5 x 2) (10)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| netwerkvorming; menslike; strategiese bondgenoot; natuurlike; primêre; standaardisering; reguleerder; magsverhoudinge; gradering; oorhoofse |

1.2.1 Mega Myne gaan sluit as gevolg van die uitputting van … hulpbronne.

1.2.2 Die proses om ŉ voordelige verhouding met ander sakelui en kliënte te vestig, staan as … bekend.

1.2.3 Die SABS as ŉ … bevorder standaardisasie in die handel en nywerheid.

1.2.4 Die maandelikse huur wat deur Skoen Wêreld betaal word maak deel uit van hul … kostes.

1.2.5 Leto Vervaardigers gebruik die proses van … om identiese produkte met die gebruik van masjinerie te vervaardig. (5 x 2) (10)

Kopiereg voorbehou 

1.3 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by ŉ term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Storting | A die proses van beskendstelling van nuwe werknemers aan die besigheid en sy verwante aspekte |
| 1.3.2 Arbeidsbeperking | B afbreek van die internationale hindernisse om handel te dryf en die beweging van goedere en dienste te bevorder om ŉ globale ekonomie te skep |
| 1.3.3 Stukwerk | C die manier waarop die materiaal moet beweeg van een punt na die volgende totdat die finale produk voltooi is |
| 1.3.4 Skedulering | D ŉ land voer onwettige goedere uit na ŉ ander land |
| 1.3.5 Induksie | E betaal werkers vir die hoeveelheid ure wat hulle werk |
| | F die regerings-inisiatief wat dit moeilik maak om vaardighede internasionaal in te voer, maar besighede eerder aanmoedig om iemand plaaslik aan te stel |
| | G die proses waardeur ŉ nuwe werknemer in ŉ vakante posisie geplaas word |
| | H bereken die vereiste tyd om elke aktiwiteit uit te voer en teen wanneer die proses voltooi moet wees |
| | I betaal werkers vir die aantal produkte/items wat hulle vervaardig |
| | J ŉ vervaardiger in een land voer goedere uit na ŉ ander land teen ŉ prys wat heelwat laer is as die prys wat dit in sy tuismark vra |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan ŉ nuwe bladsy begin, bv. VRAAG 2 op ŉ NUWE bladsy, VRAAG 3 op ŉ NUWE bladsy ens.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Noem DRIE soorte besigheidsektore. (3)

2.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**JOE SUPERMARK (JS)**

Joe Supermark het ŉ bestuurder in diens geneem wat ŉ gebrek aan bestuursvaardighede het. Die verhoging in die minimum lone van werkers wat deur wetgewing afgedwing word, maak dit ook moeilik om ŉ wins te maak. Onlangs het ŉ nuwe 24-uur supermark oorkant die straat van Joe Supermark oopgemaak.

Gebruik die tabel hieronder as ŉ riglyn om die vrae wat volg te beantwoord.

| UITDAGINGS (2.2.1) | BESIGHEIDS-OMGEWINGS | MATE VAN BEHEER (2.2.2) |
|---|---|---|
| | Mikro | |
| | Mark | |
| | Makro | |

2.2.1 Haal EEN uitdaging in elke besigheidsomgewing wat JS moet hanteer uit die scenario hierbo aan. (3)

2.2.2 Noem die mate van beheer wat JS oor ELKE besigheidsomgewing het. (3)

2.3 Verduidelik die impak van stakings as ŉ sosio-ekonomiese kwessie op besighede. (6)

2.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**UITKYK MYNE**

Uitkyk Myne spesialiseer in die ontginning van goud. Die mynwerkers behoort almal aan ŉ vakbond. Die vakbond ontmoet gereeld met die bestuur van die myn in ŉ poging om die werksomstandighede van die werkers te verbeter.

Die vakbond verskaf ook wetlike en finansiële advies aan hul lede. Onlangs het die vakbond die regering se besluit beïnvloed om die veilige gebruik van plofstowwe in myne te verseker.

2.4.1 Haal DRIE funksies van ŉ vakbond uit die scenario hierbo aan. (3)

2.4.2 Beskryf in breë trekke ander funksies van ŉ vakbond. (6)

2.5 Verduidelik die doel van die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV) 1995 (Wet 66 van 1995). (6)

2.6 Bespreek maniere waarop besighede werkloosheid as ŉ sosio-ekonomiese kwessie kan hanteer. (4)

2.7 Stel maniere voor waarop ŉ besigheid homself van sy mededingers kan onderskei. (6)

**[40]**

## VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

3.1 Noem die DRIE kategorieë van verbruikersgoedere. (3)

3.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**HELDER BESKUITJIES (HB)**

Helder Beskuitjies verkoop verskillende soorte beskuitjies. Hulle beskuitjies word verpak in lugdigte houers wat ook gebruik kan word om ander items te stoor wanneer die beskuitjies op is. Onlangs het Helder Beskuitjies ook lekkers en beskuitjies saam verpak en as ŉ spesiale aanbieding verkoop.

3.2.1 Identifeer die TWEE soorte verpakking wat deur Helder Beskuitjies gebruik word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (6)

Gebruik die tabel hieronder as ŉ riglyn om VRAAG 3.2.1 te beantwoord.

| SOORT VERPAKKING | MOTIVERING |
|---|---|
| **1.** | |
| **2.** | |

3.2.2 Verduidelik die doel van verpakking van produkte. (6)

3.3 Bespreek maniere waarop Suid-Afrikaanse besighede ŉ buitelandse mark kan betree. (6)

3.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KASTE VIR AFRIKA**

Kaste vir Afrika spesialiseer in die maak van ingeboude kaste. Hulle maak die kaste volgens die presiese spesifikasies van ŉ spesifieke kliënt.

3.4.1 Identifiseer die produksiestelsel wat deur Kaste vir Afrika gebruik word. Motiveer jou antwoord deur aan te haal uit die scenario hierbo. (3)

3.4.2 Verduidelik die nadele van die produksiestelsel, wat in VRAAG 3.4.1 geïdentifiseer is, op besighede. (6)

3.5 Beskryf totale gehaltebestuur (TGB/'TQM') as deel van gehaltebestuur-sisteme. (4)

3.6 Gee besighede raad oor die aspekte wat tydens produksiebeheer oorweeg moet word. (6)

**[40]**

## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSOMGEWINGS

4.1 Identifiseer moonlike oplossings vir Deftige Voete om rowery ('piracy') te hanteer in elke stelling hieronder:

4.1.1 Deftige Voete gebruik 'n spesiale simbool van twee voete met vlerke om kliënte in staat te stel om hulle skoene te identifiseer.

4.1.2 Deftige Voete het hul uitvinding om die hoogte van hul hakke van hul skoene te verander deur slegs verskillende lengtes hakke aan te knip geregistreer. (4)

4.2 Verduidelik voordele van besighede wat betrokke in die makro-omgewing is. (6)

4.3 Bespreek hoe kontemporêre wetgewing besigheidsbedrywighede kan affekteer. (4)

4.4 Beveel maniere aan waarop besighede in die makro-omgewing betrokke kan wees. (6)

### BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

4.5 Noem DRIE werknemervoordele. (3)

4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**ELITE SWEETPAKKE**

Elite Sweetpakke verkoop sweetpakke in Oos-Londen. Hulle plaas altyd 'n advertensie in die plaaslike koerant om hul weeklikse spesiale aanbiedings te adverteer. Onlangs het hulle ook 'n foto in die koerant gehad van die plaaslike sokkerspan se sweetpakke wat hulle borg.

4.6.1 Identifiseer TWEE komponente van die bemarkingskommunikasie /promosie-beleid wat deur Elite Sweetpakke gebruik word. (4)

4.6.2 Noem enige ander EEN komponent van die bemarkings-kommuniksie/promosie-beleid wat deur Elite Sweetpakke gebruik kan word. (1)

4.7 Verduidelik die nadele van elektroniese bemarking vir besighede. (4)

4.8 Brei uit oor die betekenis van *gehaltebeheer* as 'n gehaltekonsep. (4)

4.9 Beveel voorkomingsmaatreëls aan wat besighede behoort te neem wanneer masjinerie tydens die produksieproses gebruik word. (4)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan ŉ nuwe bladsy begin, bv. VRAAG 5 op ŉ NUWE bladsy of VRAAG 6 op ŉ NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS

Besighede moet voortdurend aanpas by die uitdagings van die mikro-, mark- en makro-besigheidsomgewings. Invloedwerwing en magsverhoudinge kan deur besighede gebruik word om by die uitdagings aan te pas.

Skryf ŉ opstel waarin jy die volgende aspekte aanspreek:

- Verduidelik VIER maniere waarop besighede kan aanpas by uitdagings in die makro-omgewing
- Bespreek DRIE soorte invloedwerwing
- Beskryf maniere waarop besighede magsverhoudinge kan vorm
- Stel maniere voor waarop besighede ŉ direkte invloed op die omgewing kan hê **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

**KRISTAL KONSTRUKSIE (KK)**

Kristal Konstruksie het interne en eksterne werwing gebruik voordat hulle onderhoude gevoer het met drie kandidate wat op die kortlys geplaas is tydens die seleksieproses. Die bestuur sal ook ŉ indiensnemingskontrak vir die verkose kandidaat moet voorberei.

As ŉ menslike hulpbronne konsultant, skryf ŉ opstel oor die volgende aspekte:

- Onderskei tussen interne en eksterne werwing; sluit in ŉ voorbeeld van elke tipe werwing
- Verduidelik die seleksieproses
- Gee Kristal Konstruksie raad oor die rol van die onderhoudvoerder tydens die onderhoud
- Beveel Kristal Konstruksie aan oor die aspekte wat in die indiensnemingskontrak van die gekose kandidaat ingesluit moet wees **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2019

# BESIGHEIDSTUDIES V1
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 27 bladsye.

## NOTAS AAN NASIENERS

1. **INLEIDING**

| Die notas aan nasieners word voorsien vir gehalteversekeringsdoeleindes om die volgende te verseker:<br>(a) Regverdigheid, konsekwentheid en betroubaarheid in die standaard van nasien<br>(b) Fasiliteer die moderering van kandidate se skrifte op verskillende vlakke<br>(c) Vereenvoudig die nasienproses met inagneming van die breë spektrum nasieners oor die hele land<br>(d) Implementeer toepaslike maatreëls in die onderrig, leer en assessering van die vak by skole/onderwysinstellings |
|---|

2. Kandidate se antwoorde vir AFDELING B en C moet in volsinne wees. Dit sal egter van die aard van die vraag afhang.

3. ŉ Omvattende nasienriglyn word voorsien, maar dit is geensins volledig nie. Behoorlike oorweging moet gegee word aan ŉ antwoord wat korrek is, maar:

   - ŉ Ander uitdrukking gebruik as wat in die nasienriglyne gegee word
   - Uit ŉ ander bron kom
   - Oorspronklik is
   - ŉ Ander benadering gebruik

   **LET WEL: Daar is slegs EEN korrekte antwoord in AFDELING A.**

4. Neem kennis van ander verwante antwoorde wat deur kandidate verskaf word en ken punte dienooreenkomstig toe. (In die geval waar die antwoord onduidelik is of ŉ mate van begrip aandui, moet deelpunte toegeken word, byvoorbeeld een punt in plaas van die maksimum van twee punte.)

5. Die woord 'Submaks' word gebruik om die toekenning van punte binne ŉ vraag of subvraag te vergemaklik.

6. Die doel daarvan om punte aan die regterkant te omkring (gelei deur 'maks' in die uiteensetting van die punte) is om konsekwentheid en akkuraatheid te verseker met die nasien van die skrifte en modereringsproses.

7. Subtotale van vrae moet in die regterkantlyn geskryf word. Omkring die subtotale, soos aangedui by die toekenning van punte. Dit moet deur 'maks' in die nasienriglyne van punte gelei word. Slegs die totaal vir elke antwoord moet in die linkerkantlyn langs die toepaslike vraagnommer verskyn.

8. In ŉ indirekte vraag moet die teorie en die antwoorde relevant en met die vraag verband hou.

Kopiereg voorbehou 

9. Korrekte nommering van antwoorde op vrae word sterk aanbeveel in AFDELING A en B. Indien die nommering verkeerd is, volg die volgorde van die kandidaat se antwoorde. Kandidate sal gepenaliseer word, indien laasgenoemde nie duidelik is nie.

10. Geen addisionele krediet moet vir die herhaling van feite gegee word nie. Dui aan met ŉ 'H' of 'R'.

11. Die verskil tussen 'evalueer' en 'kritiese evaluering' kan soos volg verduidelik word:

    11.1 Wanneer 'evalueer' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf ŉ positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem, bv. **Positief**: *'COIDA verminder tyd en koste wat spandeer word √ op lang siviele hofgedinge.'* √

    11.2 Wanneer 'kritiese evaluering' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf ŉ positiewe/negatiewe manier óf om ŉ neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem. In hierdie geval word van kandidate ook verder verwag om hulle antwoorde te ondersteun met dieper insig, bv. *'COIDA verminder tyd en koste wat spandeer word √ op lang siviele hofgedinge, √ want die werkgewer sal nie verantwoordelik wees om vergoeding aan die werknemer te betaal as beserings opgedoen is tydens werksure nie, solank as wat die besigheid kan bewys dat hy nie agterlosig was nie.'* √

**LET WEL:** 1. Bogenoemde kan ook van toepassing wees op 'analiseer'.
2. Let op die plasing van die merkie(√) in die toekenning van punte.

12. Die toekenning van punte moet gelei word deur die aard van die vraag, kognitiewe werkwoord wat gebruik is, puntetoekenning in die nasienriglyne en die konteks van elke vraag.

    Kognitiewe werkwoorde, *soos*:

    12.1 Adviseer, noem, beskryf kortliks, motiveer, aanbeveel, stel voor, (lys nie volledig nie) vereis gewoonlik nie veel diepte in kandidate se antwoorde nie. Die uiteensetting van punte vir elke stelling/antwoord sal dus aan die einde daarvan verskyn.

    12.2 Definieer, beskryf, verduidelik, bespreek, brei uit, onderskei/ toon verskille, differensieer, vergelyk, tabuleer, regverdig, analiseer, evalueer, evalueer krities (*lys nie volledig nie*) vereis meer diepgaande begrip, toepassing en beredenering. Die punte moet dus meer objektief toegeken word om te verseker dat assessering volgens die vasgestelde norme geskied, sodat eenvormigheid, konsekwentheid en regverdigheid behaal kan word.

13. Merk slegs die EERSTE antwoord waar kandidate meer as een antwoord in AFDELING B en C gee waar slegs een antwoord gevra word.

14. **AFDELING B**

14.1 Indien, byvoorbeeld, VYF feite vereis word, sien die kandidaat se EERSTE VYF antwoorde na en ignoreer die res van die antwoorde. Dui dit aan deur 'n lyn deur die nienagesiende gedeelte te trek of gebruik die woord 'Kanselleer'.

**LET WEL:** Dit is slegs van toepassing waar die getal feite gespesifiseer word.

14.2 Indien twee feite in een sin geskryf word, gee VOLLE krediet aan die kandidaat. Punt 14.1 geld steeds.

14.3 Indien daar van kandidate verwag word om hulle eie voorbeelde/menings te gee, beredeneer dit by die nasiensentrum ten einde die alternatiewe antwoorde te finaliseer.

14.4 **Gebruik van kognitiewe werkwoorde en toekenning van punte:**

14.4.1 Waar die getal feite gespesifiseer word, vrae wat vereis dat kandidate moet 'beskryf/bespreek/verduidelik', kan dit soos volg nagesien word:

- Feit 2 punte (of soos aangedui in die nasienriglyne)
- Verduideliking 1 punt

Die 'feit' en 'verduideliking' word apart in die nasienriglyne gegee om die toekenning van punte te vergemaklik.

14.4.2 Indien die getal feite nie gespesifiseer word nie, moet puntetoekenning gelei word deur die aard van die vraag en die maksimum punte in die nasienriglyne toegeken.

14.5 **EEN punt kan toegeken word vir antwoorde wat maklik is om te herroep, wat een woord as antwoord vereis of wat direk aangehaal word uit 'n scenario/gevallestudie. Dit is spesifiek van toepassing op AFDELING B EN C (waar van toepassing).**

15. **AFDELING C**

15.1 Die punte-uiteensetting vir die opsteltipe vrae is soos volg:

| | |
|---|---|
| Inleiding | **Maksimum: 32** |
| Inhoud | |
| Gevolgtrekking | |
| Insig | **8** |
| **TOTAAL** | **40** |

15.2 Insig bestaan uit die volgende komponente:

| | | |
|---|---|---|
| **Struktuur/Uitleg** | Is daar ŉ inleiding, inhoud en ŉ gevolgtrekking? | **2** |
| **Ontleding en vertolking** | Is die kandidaat in staat om die vraag in opskrifte/sub-opskrifte te ontleed/korrek te interpreteer sodat begrip van wat gevra word, getoon word?<br><br>Punte toegeken volgens die gids hieronder:<br><br>Alle opskrifte aangespreek: 1 (Een 'A')<br>Interpretasie (16–32 punte): 1 (Een 'A') | **2** |
| **Sintese** | Is daar relevante besluite/feite/antwoorde gemaak wat op die vrae gebaseer is?<br><br>Punte toegeken volgens die gids hieronder:<br><br>Punte toegeken volgens die gids hieronder:<br>Geen relevante feite: 0 (Twee '-S')<br>ŉ Paar relevante feite: 1 (Een '-S')<br>Slegs relevante feite: 2 (Geen '-S')<br><br>Opsie 1: Waar ŉ kandidaat 50% of meer van die vraag met slegs relevante feite beantwoord het, verskyn geen '-S' in die linkerkantlyn. Ken die maksimum van TWEE (2) punte vir sintese toe.<br>Opsie 2: Waar ŉ kandidaat minder as 50% van die vraag met slegs OF ŉ paar relevante feite beantwoord het, verskyn een '-S' in die linkerkantlyn. Ken ŉ maksimum van EEN (1) punt vir sintese toe.<br>Opsie 3: Waar ŉ kandidaat minder as 50% van die vraag met geen relevante feite beantwoord het, verskyn twee '-S' in die linkerkantlyn. Ken ŉ NULPUNT toe vir sintese. | **2** |
| **Originality** | Is daar bewyse van voorbeelde, aktuele inligting, huidige neigings en ontwikkelings? | **2** |
| | **TOTAAL VIR INSIG:** | **8** |
| | **TOTALE PUNTE VIR FEITE:** | **32** |
| | **TOTALE PUNTE VIR OPSTEL (8 + 32):** | **40** |

**LET WEL:**

1. **Geen punte sal toegeken word vir inhoud wat herhaal word uit die inleiding en gevolgtrekking nie.**
2. **Die kandidaat verbeur punte vir uitleg indien die woorde INLEIDING en GEVOLGTREKKING nie voorkom nie.**
3. **Geen punte sal toegeken word vir uitleg as die opskrifte INLEIDING en GEVOLGTREKKING/SLOT nie deur ŉ verduideliking ondersteun word nie.**

15.3 Dui insig in die linkerkantse kantlyn aan met ŉ simbool, bv. ('S, A, -S and/or O').

15.4 Die komponente van insig word aan die einde van die voorgestelde antwoord/nasienriglyne vir elke vraag aangedui.

15.5 Sien alle relevante feite na totdat die SUBMAKS/MAKS punte vir elke onder-afdeling behaal is. Skryf 'SUBMAKS'/'MAKS' nadat maksimum punte behaal is, maar lees verder vir oorspronlikheid "O".

15.6 Aan die einde van elke opstel, dui die toekenning van punte vir feite en punte vir insig soos volg aan:
S – Struktuur, A – Ontleding, S – Sintese, O – Oorspronklikheid soos in die tabel hieronder aangedui.

| **INHOUD** | **PUNTE** |
|---|---|
| Feite | **32 (maks.)** |
| S | **2** |
| A | **2** |
| S | **2** |
| O | **2** |
| **TOTAAL** | **40** |

15.7 Wanneer punte vir feite toegeken word, neem kennis van die submaksimum wat aangedui word, veral as kandidate nie dieselfde subopskrifte gebruik nie. Onthou opskrifte en subopskrifte word aangemoedig en dra by tot insig (struktuur/logiese vloei/volgorde) en dui duidelikheid van denke aan.
(Sien PUNTE-UITEENSETTING aan die einde van elke vraag.)

15.8 Indien die kandidaat die vraag VERKEERD identifiseer/vertolk, kry hy/sy steeds punte vir uitleg/struktuur.

15.9 Indien 'n ander benadering deur kandidate gebruik word, maak seker dat antwoorde geassesseer word in ooreenstemming met die puntetoekenning/ subopskrifte soos aangedui in die nasienriglyne.

15.10 15.10.1 Ken TWEE punte toe vir volledige sinne. Ken EEN punt toe vir frases/sinsdele, onvoltooide sinne en vae antwoorde.

15.10.2 Met ingang November 2015, sal die TWEE punte nie noodwendig aan die einde van elke voltooide sin getoon word nie. Punte (√) sal geskei wees en langs elke feit aangedui word, bv. 'Produkontwikkeling is 'n groeistrategie, waar ondernemings poog om nuwe produkte in bestaande markte bekend te stel.' √

Dit sal deur die aard en konteks van die vraag, sowel as die kognitiewe werkwoord wat gebruik is, gelei word.

15.11 Met ingang November 2017, sal die maksimum van TWEE (2) punte vir feite in die nasienriglyne as opskrifte getoon, nie noodwendig vir elke vraag geld nie. Dit sal deur die aard van die vraag bepaal word.

## AFDELING A

## VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | C √√ | | |
| | 1.1.2 | B √√ | | |
| | 1.1.3 | A √√ | | |
| | 1.1.4 | B √√ | | |
| | 1.1.5 | C √√ | (5 x 2) | (10) |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.2 | 1.2.1 | natuurlike √√ | | |
| | 1.2.2 | netwerkvorming √√ | | |
| | 1.2.3 | reguleerder √√ | | |
| | 1.2.4 | oorhoofse √√ | | |
| | 1.2.5 | standaardisering √√ | (5 x 2) | (10) |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.3 | 1.3.1 | J √√ | | |
| | 1.3.2 | F √√ | | |
| | 1.3.3 | I √√ | | |
| | 1.3.4 | H √√ | | |
| | 1.3.5 | A √√ | (5 x 2) | (10) |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**UITEENSETTING VAN PUNTE**

| VRAAG 1 | PUNTE |
|---|---|
| 1.1 | 10 |
| 1.2 | 10 |
| 1.3 | 10 |
| TOTAAL | 30 |

## AFDELING B

**Sien SLEGS die eerste TWEE antwoorde na.**

## VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 **Besigheidsektore**

- Primêre √
- Sekondêre √
- Tersiêre √

**LET WEL: Sien slegs die eerste DRIE (3) na.** (3 x 1) (3)

2.2 **Uitdagings en mate van beheer**

| UITDAGINGS (2.2.1) | BESIGHEIDS-OMGEWINGS | MATE VAN BEHEER (2.2.2) |
|---|---|---|
| - Joe Supermark het 'n bestuurder in diens geneem wat 'n gebrek aan bestuursvaardighede het. √ | Mikro | Volle beheer √ |
| - Onlangs het 'n nuwe 24-uur supermark oorkant die straat van Joe Supermark oopgemaak. √ | Mark | Sommige/Beperkte beheer √ |
| - Die verhoging in die minimum lone van werkers wat deur wetgewing afgedwing word maak dit ook moeilik om 'n wins te maak. √ | Makro | Geen beheer √ |
| Submaks. (3) | | Submaks. (3) |

**Maks. (6)**

**LET WEL:**
1. **Ken geen punte toe vir uitdagings wat nie volledig uit die scenario aangehaal is nie.**
2. **Die mate van beheer moet met die besigheidsomgewing verband hou.**
3. **Sien slegs die EERSTE uitdaging van ELKE omgewing na.**

2.3 **Impak van stakings as ʼn sosio-ekonomiese kwessie op besighede**

- Stakings mag tot produksieverliese lei √ en afname in verkope. √
- Besighede mag gedwing word om bedrywighede te sluit √ na stakingsaksies. √
- Mag lei tot ongesonde werksverhoudinge √ tussen bestuur en werkers. √
- Mag besighede dwing om van hul geskoolde werkers af te lê √ om te herstel van verliese. √
- Stakings lei tot verlies van produktiwiteit √ en afname in ekonomiese groei. √
- Verlies aan inkomste √ en finansiële verliese aan besigheidsbedrywighede. √
- Plundering, vernietiging van besigheidseiendom/infrastruktuur √ en intimidasie van nie-stakende werkers. √
- Besighede moet werkers verkry om stakende werkers te vervang √ en verhoog die opleidingskoste van nuwe werknemers. √
- Besighede kan besigheidsaandeel √/kliënte aan kompetisie √ verloor gedurende ʼn staking. √
- Die beeld/reputasie van die besigheid √ mag skade ly. √
- Beperkte beskikbaarheid √ van arbeid. √
- Die verskaffing van goedere en dienste √ word onderbreek. √
- Pryse verhoog soms √ om die koste van ʼn staking te verhaal. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die impak van stakings as sosio-ekonomiese kwessie op besighede. **Maks.** **(6)**

2.4 **Funksies van ʼn vakbond**

2.4.1 **Aanhaling van funksies van ʼn vakbond uit die scenario**

- Die vakbond ontmoet gereeld met die bestuur van die myn in ʼn poging om die werksomstandighede van die werkers te verbeter. √
- Die vakbond verskaf ook wetlike en finansiële advies aan hul lede. √
- Onlangs het die vakbond die regering se besluit beïnvloed om die veilige gebruik van plofstowwe in myne te verseker. √

**LET WEL: Sien slegs die eerste DRIE (3) na.** (3 x 1) (3)

2.4.2 **Ander funksies van ʼn vakbond**

- Beskerming van die belange van werknemers. √√
- Verteenwoordig die belange van die algemene samelewing en minderheidsgroepe deur die nuusmedia en onderhandelinge. √√
- Verteenwoordig werknemers korporatief en individueel. √√
- Verbeter die materiële voordele van lede. √√
- Bevordering van die belange van lede. √√
- Verskaffing van voordele en opvoedkundige fasiliteite aan hulle lede. √√
- Ondersteuning van geslagsgelykheid. √√
- Beskerm lede in tye van aflegging en dissiplinêre verhore (tugverhore). √√

- Beskerming van die belange van hul lede tydens dissiplinêre prosedures. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die funksies van vakbonde.

**LET WEL: Ken geen punte toe vir die funksies van die vakbond geïdentifiseer in VRAAG 2.4.1 nie. Maks. (6)**

2.5 **Doel van Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV)**

- Voorsien ŉ raamwerk waarin werknemers, werkersunies en vakbonde saamwerk √ om sake wat verband hou met die werksplek, te bespreek. bv. salarisse, diensvoorwaardes. √
- Bevorder ordelike onderhandelinge en werknemersbetrokkenheid √ by besluitneming. √
- Bevorder beslegting √ van arbeidsgeskille. √
- Bevorder billike √ indiensnemingspraktyke. √
- Gee ŉ uiteensetting van die verhouding √ tussen die werkgewers en werknemers. √
- Bevorder eenvoudige prosedures √ vir die registrasie van vakbonde en werkgewersorganisasies. √
- Reguleer die regte van die vakbonde en fasiliteer √ kollektiewe bedinging/gemeenskaplike bedinging. √
- Reguleer die effektiwiteit van bedingingsrade √ en statutêre rade. √
- Laat werkplekforums toe √ waar werknemers aan besluitneming deelneem. √
- Stigting van die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) om arbeidsgeskille √ deur statutêre versoening, bemiddeling en arbitrasie op te los. √
- Onderskryf die reg om te staak teen aflegging, √ fasilitering van arbeidsgeskille. √
- Maak die kontrakte van indiensnemingprosedures √ duidelik. √
- Stigting van Arbeidshof en Arbeidsappélhof √ om arbeidskwessies te hanteer. √
- Verskaf kodes √ van goeie praktyke. √
- Hanteer √ stakings en uitsluitings en werkplekforums. √
- Stigting van werkplekforums √ om die belange van die werknemers te bevorder ongeag of hulle aan ŉ vakbond behoort of nie. √
- Enige ander relevante antwoord wat met die doel van die Wet op Arbeidsverhoudinge, verband hou. **Maks. (6)**

2.6 **Maniere waarop besighede werkloosheid as ŉ sosio-ekonomiese kwessie hanteer**

- Verskaf vaardigheidsontwikkelingsprogramme √ deur middel van leerderskappe. √
- Bied beurse aan die gemeenskap √ om die vlak van onderwys te verbeter. √
- Skep werksgeleenthede √ vir gemeenskapslede. √
- Bied entrepreneursprogramme √ aan wat self-indiensneming bevorder. √
- Ondersteun bestaande klein besighede √ om meer werksgeleenthede te skep. √
- Enige ander relevant antwoord wat verband hou met maniere waarop besighede werkloosheid as ŉ sosio-ekonomiese kwessie kan hanteer.

**Maks. (4)**

2.7 **Maniere waarop besighede hulself van mededingers kan onderskei**

- Bied ŉ ander produk of diens aan. √√
- Bied ŉ meer persoonlike diens aan. √√
- Verskaffing teen laer pryse. √√
- Verskaffing van produkte van beter gehalte. √√
- Het goed opgeleide en kundige personeel. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die maniere waarop besighede hulself van mededingers kan onderskei. **Maks.** **(6)**

**[40]**

**UITEENSETTING VAN PUNTE**

| VRAAG 2 | PUNTE |
|---|---|
| 2.1 | 3 |
| 2.2.1 | 3 |
| 2.2.2 | 3 |
| 2.3 | 6 |
| 2.4.1 | 3 |
| 2.4.2 | 6 |
| 2.5 | 6 |
| 2.6 | 4 |
| 2.7 | 6 |
| TOTAAL | 40 |

## VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

3.1 **Kategorieë van verbruikersgoedere**

- Geriefsgoedere √
- Uitsoekgoedere √
- Spesialiteitsgoedere √

**LET WEL: Sien slegs die eerste DRIE (3) na.** (3 x 1) (3)

3.2 3.2.1 **Verpakking**

| VORME/SOORTE VAN VERPAKKING | MOTIVERING |
|---|---|
| Dubbele gebruik √√ | - Hulle beskuitjies word verpak in lugdigte houers wat ook gebruik kan word om ander items te stoor wanneer die beskuitjies op is. √ |
| Kombinasie √√ | - Onlangs het Helder Beskuitjies ook lekkers en beskuitjies saam verpak en as ŉ spesiale aanbieding verkoop. √ |
| Submaks. (4) | Submaks. (2) |

**LET WEL:**
1. **Sien slegs die eerste TWEE (2) na.**
2. **Ken geen punte toe vir die motivering indien die soort verpakking verkeerd geïdentifiseer is.**
3. **Ken punte toe vir die soort verpakking selfs as die motivering onvolledig is.** **Maks.** **(6)**

3.2.2 **Doel/funksie van verpakking van produkte**

- Beskerm die produk √ van enige skade. √
- Bevorder die bemarking √ van die produk. √
- Voorkom dat die produk √ bederf. √
- Voorkom peutery/diefstal √ van 'n produk. √
- Verbeter gerief √ wat gebruik of berging betref. √
- Maak dit makiliker √ om produkte te identifiseer. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met doel/funksie van die verpakking van produkte. **Maks.** **(6)**

3.3 **Maniere waarop Suid Afrikaanse besighede 'n buitelandse mark kan betree**

- Besighede kan goedere en dienste uitvoer √ aan individue/besighede in ander lande. √
- Besighede kan die lisensie verkoop/oordrag van die reg van die gebruik van 'n produk/dienste √ aan 'n ander besigheid in 'n ander land. √
- Besighede kan 'n vennootskap vorm/gesamentlike onderneming met 'n ander maatskappy (in 'n vreemde/ander land) √ deur 'n derde maatskappy saam te vorm wat beide maatskappye sal bevoordeel. √
- Besighede kan direkte beleggings in fasiliteite in 'n buitelandse mark maak √ deur stigting van 'n nuwe geleentheid/onderneming of verkryging van 'n bestaande maatskappy. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met maniere waarop Suid-Afrikaanse besighede 'n buitelandse mark kan betree. **Maks.** **(6)**

3.4 **Soorte produksiestelsel**

3.4.1 Stukwerk √√ (2)

**Motivering**

Hulle maak die kaste volgens die presiese spesifikasies van 'n spesifieke kliënt. (1)

**LET WEL:** **Ken geen punte toe vir die motivering indien die soort produksiestelsel verkeerd geïdentifiseer is.**

**Maks.** **(3)**

3.4.2 **Nadele van stukwerk**

- Die periode van produksie is gewoonlik redelik lank en vordering is stadiger √ vergeleke met ander stelsels, omdat die een taak eers voltooi moet word voordat met die volgende een begin kan word. √
